

SAAM SAL ONS SUID-AFRIKA LAAT GROEI



**2019 VERKIESINGSMANIFES
OPSOMMING**



'n BETER LEWE VIR ALMAL





Die ANC is, saam met die mense van Suid-Afrika, gereed om die volgende hoofstuk in ons land se geskiedenis te skryf.

'n Hoofstuk van nuwe hoop in die stryd om werkloosheid, armoede en ongelykheid, uit te wis.

'n Hoofstuk waarin ons korrupsie uitroeï.

'n Hoofstuk van vernuwing.

'n Hoofstuk van herbouing.

'n Hoofstuk wat gesamentlike voorspoed en inklusiewe groei nastreef.

Kom ons slaan 'n nuwe blaaï om en **LAAT SUID AFRIKA GROEI, TESAME.**

Cyril Ramaphosa



Hierdie opsomming is 'n gids tot die ANC se 2019 Verkiesingsmanifes. Ons visie en plan, terwyl ons Suid-Afrika laat groei, sal op die volgende voorkeurareas fokus:

- Skep nuwe en ordentlike werkseleenthede
- Omskep die ekonomie om al ons mense te dien
- Verseker universele, kwaliteit gesondheidsorg
- Voorsien omvattende maatskaplike sekuriteit
- Bou veiliger gemeenskappe
- Beveg korrupsie en verskerp korporatiewe bestuur
- Verenig Suid-Afrikaners en waardeer ons diversiteit

Ons plan gaan oor julle, Suid-Afrikaners, swart en wit, jonk en oud, plattelands en stedelik.

Julle het ons gehelp om hierdie Manifes te ontwikkel. Kom ons werk saam om dit te implementeer.



'n BETER LEWE VIR ALMAL



MEER WERKSKEPPING, MEER ORDENTLIKE WERKSGELEENTHEDE



Skep 'n bykomende **275,000** werksgeleenthede per jaar deur **plaaslike aanvraag** na goedere aan te blaas, meer in mynbou, vervaardiging en landbou te belê, en uitvoermarkte uit te brei.



Verbeter bykans **6 miljoen** lewens met die **Nasionale Minimumloon** en verseker dat wetgewing in plek is om die Konstitusionele Hof se uitspraak oor **arbeidsmakelaars**, in werking te stel.



Verhoog **internskappe** en **opleidingsgeleenthede**.



Skrap die vereiste van werksondervinding vir die indiensneming van jongmense op intreevlak - veral in die staatsdiens en bring **uitgekontraakteerde hulpdienste terug** binne die openbare sektor



Vorm **vennootskappe** om **werkers op te lei** in **nuwe tegnologie** en ontknoop sodoende hulle talent en kreatiwiteit.



Vind **R1,2 triljoen** in **nuwe beleggings** oor **4 jaar** as deel van ons plan om die **ekonomie te laat groei** en werk te skep.



Bou 'n **sosiale kompaktum** vir **infrastruktuur-belegging** met die sakesektor en georganiseerde arbeid om sleutel ekonomiese- en maatskaplike infrastruktuurprojekte, te finansier.



Versnel en verwyder blokkasies in die **lewering van grootskaalse projekte** deur 'n verbeterde Presidensiële Infrastruktuur-ontwikkelingskommissie.

Deur met arbeid, die sakesektor en gemeenskappe saam te werk, sal ons **bestaande werksgeleenthede BESKERM, meer werksgeleenthede SKEP** en verseker dat alle werkers 'n ordentlike bestaan kan maak.



'n EKONOMIE VIR ALMAL



Lê **wetgewing** voor wat werkers in staat stel om 'n **belang** in die maatskappye waar hulle werk te bekom en om in **al die winste te deel**.



Verseker **nakoming** van die hersiende **swart ekonomiese bemagtigingskodes**.



Wys **30%** van die **regering se uitgawes** toe aan klein besighede en kooperatiewe en moedig die privaatsektor aan om dieselfde te doen.



Verminder die koste van **data** en brei **gratis WiFi** na meer plekke regoor die land uit.



Skep 'n **township** en nedersetting **ekonomiese fonds** en ondersteun die skepping van 'n netwerk van kleinhandel en groothandelfasiliteite in gemeenskapsbesit.



Verseker dat die kompetisie-owerhede die **wetlike** en **finansiële spierkrag** het om die probleem van **monopolieë**, aan te spreek.



Maak dit **makliker** vir klein en swart-beheerde besighede om **krediet en lenings** te bekom.



Ondersteun die **groei** van die **kooperatiewe banksektor** en verbreed die eienaarskap en beheer van banke deur werkers en die gemeenskappe.



Versnel **grondhervorming**, insluitend die **oordrag van titellaktes** en **ondersteun** nuwe kommersiële **boere**.



Bevorder **vroue se toegang tot grond** en beskerm die regte van langtermynbesetters in gemeenskaplike grondbesit.

Ons sal 'n **EKONOMIE BOU** waarin al ons mense 'n betekenisvolle aandeel het en waaruit hulle almal **voordeel** kan trek.



KWALITEIT GESONDHEIDSORG VIR ALMAL




Vul kritieke **vakante poste** in hospitale en klinieke.



Bereik gratis, kwaliteit **gesondheidsorg** vir almal by die punt van dienslewering teen **2025** met 'n **Nasionale Gesondheidsversekeringsplan**.



Lei meer **dokters** en **verpleërs** op en verbeter die bestuur en leierskap van die totale openbare gesondheidsektor.



Delegeer verantwoordelikheid na **distriksgesondheidsbestuurders** in hospitale en klinieke om lang toue van pasiënte wat vir behandeling wag, te vermy.



Absorbeer **50,000+** **gemeenskapsgesondheidswerkers** in die openbare sektor. Die aantal **gemeenskapsgesondheidswerkers sal binne 5 jaar verdubbel** en in ons dorpies, townships en informele nedersettings, ontplooi word.



Toets 2 miljoen mense vir **TB** en kry **90%** van **HIV+** mense op **behandeling** teen 2020.

Ons gaan ONMIDDELIKE STAPPE NEEM OM hospitale en klinieke te **VERBETER** en daaraan werk om **UNIVERSELE GESONDHEIDSORG** teen 2025 te bereik.



VEILIGHEID EN GEMAK VIR ALMAL



Bepaal 'n **groter** mandjie van **maatskaplike voordele** en maak dit meer toeganklik met dien verstande dat die uitsluiting van weeskinders, kinders, gestremdes en oumense in plattelandse gebiede en plase, aangespreek word.



Vergroot die **omvang van WVF**.



Stel **staatsgrond** beskikbaar vir mense om hul **eie huise** te bou.



Sprek die **titelakte agterstand** aan.



Ontwikkel projekte wat die **gebiede** van ekonomiese ontwikkeling, behuising, tegnologie en vervoer, **bymekaar bring**.



Belê in **veilige** en betroubare **passasierstrein-dienste**.



Werk met die **taxi-industrie** ten einde te verseker dat dit **veilig**, skoon en betroubaar is.



Hou aan om die **uitrol** van **water-infrastruktuur** vir skoon water te prioritiseer en versnel sleutelprojekte.



Voorsien **veilige toilette** en wis die emmerstelsel uit.

Ons sal ook die **LEWENS** van miljoene mense verbeter deur te werk aan **omvattende maatskaplike sekuriteit** en beter toegang tot bekostigbare dienste, vervoer en behuising naby **werksgeleenthede**.



VEILIGE GEMEENSKAPPE, VEILIGE LEWENS



Verseker dat die **polisie beter opgelei** word om sake te ondersoek en verbeter koördinerings tussen ondersoekers en aanklaers.



Verhoog polisie sigbaarheid in gemeenskappe deur die aantal mans en vroue in uniform te verhoog.



Versterk Gemeenskapspolisieforums en **Gemeenskaps Veiligheidsforums**.



Teiken bendegegeweld en dwelms met die nuwe anti-bende-eenhede.



Implementeer 'n nasionale aksieplan om die **oorsake van geslagsgeweld**, aan te spreek.



Rus polisiestasies en howe toe om **slagoffers van geslagsgeweld beter te kan ondersteun**.



Opgradering van **Thuthuzela Sorgsentrums** en ander **bemagtigingsentrums**.



Dring aan op **strenger borgvoorwaardes** in gevalle van huishoudelike geweld en geslagsmisdade.



Versnel **opvoedingsprogramme** en sielkundige en maatskaplike steun aan leerders en jong kinders.

Ons sal polisiëring VERSKERP om van alle vorme van misdaad, bendes en dwelms in ons **GEMEENSKAPPE** ontslae te raak en sal 'n **nasionale plan** in werking stel om **geslagsgeweld** hok te slaan.



'n VAARDIGHEIDSREWOLUSIE



Dra die verantwoordelikheid van vroeë kinderjare onderrig oor na die **Department van Basiese Onderrig** en maak **2 jaar voorskoolse** onderrig, verpligtend vir alle kinders.



Stel **gekwalisifiseerde onderwysers** in hierdie poste aan en **hou hulle verrekenbaar**.



Pas die kurrikulum aan en berei leerders voor vir die **4de Industriële Rewolusie**.



Hou vol met die **opgradering van skoolgeboue** en vervang onveilige **skooltoilette**.



Brei gratis hoër onderrig uit na armes en die 'vermiste middel'.



Verseker dat **tegniese- en gemeenskapskolleges** voldoende befonds word.



Loods 'n **grootskaalse vakleerlingsprogram**.

Ons sal jong Suid-Afrikaners vir die wêreld van die toekoms toerus deur die **DEURE** van opvoeding vir almal te open en op **KWALITEIT EN INNOVERING**, te konsentreer.



BEVOEGDE, EERLIKE REGERING



Neem daadwerklike **aksie** teen **korruptsie** en staatskaping.



Onderneem **leefstyloudits** op staatsamptenare en verhoed dat hulle met die staat besigheid mag doen.



Maak **tenders** meer **deursigtig**, doeltreffend en geloofwaardig.



Hou aan om die **onafhanklikheid** van die **regbank** te verseker.



Versterk die **oorsigrol** van die Parlement en provinsiale regerings.



Hou vol om die **Hawks**, **NVA** en **SOE**, te **versterk**.



Ondersteun plaaslike rade om **finansiële bestuur** en **dienslewering**, te verbeter.



Verbeter die verhoudings met instellings van **tradisionele leierskap** en werk nou met Contralesa, saam.

Ons gaan 'n **EINDE maak aan staatskaping**, die integriteit van ons staatsinstellings herstel en **korruptsie** die stryd aansê. Terselfdertyd gaan ons verseker dat die regering die kapasiteit, **hulpbronne** en mense het om hul werk effektief te doen.



'n NASIE VERENIG IN DIVERSITEIT



Implementeer **inheemse taalprogramme** in skole en elders.



Bevorder die **studie van geskiedenis** in skole.



Lei onderwysers en staatsampnare op om alle vorme van **diversiteit** te hanteer.



Stel wetgewing voor wat **haatmisdade beveg.**



Bevorder die waardes van nie-rassigheid en nie-seksisme deur sport, kuns, kultuur en inter-geloofaktiwiteite.



Sluit die **behoeftes** van vroue en **gestremdes** by alle **regeringsbeplanning** en programme, in.



Bevorder **persvryheid** en **diversiteit.**



Organiseer programme om mans en vroue wat die **titel van veterane** in ons vryheidsoorloë, **verdien** het, te **eer.**



Vier alle kulture tydens ons openbare vakansiedae.

Ons sal **WERK** om alle Suid-Afrikaners te verenig en 'n land te bou waaraan **almal behoort** en waarin almal tuis voel.



Uitgereik deur die African National Congress,
54 Pixley Ka Seme Street, Johannesburg 2001.

Tel. 0113761000

Email: info@anc1912.org.za



@MyANC



@MyANC



@myanc_



@MyANC

#GrowSouthAfrica
#PeoplesManifesto

www.anc1912.org.za
www.voteanc.org.za



'n BETER LEWE VIR ALMAL